

GR 11 TOERISME



KWARTALE 1 OPSOMMENDE NOTAS

VERVOERDIENSTE IN SUID-AFRIKA



Lughawens, lugrederye en lughawebedrywighe.

Lugredery-en vlugterminologie:

Poort



- ~ Dit is toegangspunt tot 'n land/streek of 'n vertrek punt vanuit die land/streek.
- ~ Land: Gewoonlik 'n internasionale lughawe soos OR Tambo (internasionale lughawe in JHB)
- ~ Grensposte sal die poort wees indien padvervoer gebruik word.
- ~ Streek: Byvoorbeeld die stad van Oos-Londen word daar na verwys as "die poort na die Wilde Kus" d.w.s hoe 'n toeris 'n land of '



Erkende afkorting vir OR Tambo internasionale lughawe = ORTIA



Rigting van my vlug?


Inkomende vlugte (Inbound) 	Uitgaande vlugte (Outbound) 
<ul style="list-style-type: none"> ~ Vlugte wat inkom om by 'n lughawe te kom land. ~ Vanaf 'n ander land, of net van 'n ander lughawe. ~ Dws enige vlug wat die lughawe BINNEKOM of by 'n lughawe arriveer. 	<ul style="list-style-type: none"> ~ Styg vanaf die lughawe op en vertrek na 'n ander bestemming. ~ Vlug VERLAAT die lughawe / vertek vanaf die lughawe,

Waar vlieg ek?

Binnelandse vlugte


- ~ Van een lughawe na 'n ander vlieg, maar in DIESELFDE LAND.
- ~ Kan inter-provinsiaal (tussen verskeie provinsies) of intra-provinsiaal (slegs in een provinsie) wees
- ~ Die vlug bly in die land.

~ Engelse term:
"domestic flights"



Streeksvlugte

- ~ As 'n vlug 'n land verlaat om na 'n ander land in dieselfde streek te gaan.
- ~ Dws in SA alle vlugte tussen SAOG lande / vlugte in Suider-Afrika word as 'n streeksvlug beskou.
- ~ Voorbeelde: Vlugte tussen die volgende lande.




Source: <http://sadamap.com/about-us/>
NB: Comoros not depicted

Comoros eilande ook nou deel van die SAOG streek



Interkontinentale vlugte

- ~ Vlug tussen 2 kontinente.
- ~ Van een kontinent na 'n ander.
- ~ Kan tussen enige van die 7 kontinente wees: Noord- en Suid-Amerika, Europa, Asië, Afrika, Australië en Nieu-Seeland.
- ~ Voorbeeld:




Transkontinentale vlugte

- ~ Vlug wat OOR 'n kontinent vlieg
- ~ Voorbeeld: van Kaapstad na Kaïro (oor die Afrika kontinent – alhoewel ons in een kontinent bly) OF van Suid-Amerika na Indië (Asië) (vlieg oor Afrika)



Transatlantiese vlugte

- ~ Die vlug moet oor die NOORD-Atlantiese Oseaan gaan
- ~ Voorbeeld New York tot in London





Tipe vlug

Verbindingsvlug / Plansluitingsvlug

- Moet somtyds geneem word om by finale bestemming te kom omdat daar geen direkte vlugte is nie.
- Verandering van 'n vliegtuig / lugredery.
- Meestal ook goedkoper as geen-stop-vlug.
- Kan wees dat passasier lank op lughawe moet wag vir volgende vlug wat dit ongerieflik maak.



Duur van vlug

Langafstandsvlugte




- Gemeet volgens die aantal lugkilometers of die aantal ure wat die vlug duur.
- Elke lugredery het hul eie presiese definisie van wat 'n langafstandvlug is.
- Oor die algemeen:
 - Langer as 6 ½ - 8 uur
- Kan een van die volgende wees:
 - Langafstand, - geenstopvlug
 - Ultra-langafstand (oornagvlugte)



Mediumafstandvlug



- ↪ Oor die algemeen: 3 tot 8 uur lank.
- ↪ Verskil van lugredery tot lugredery.



Kortafstandvlug




- ↪ Minder as 3 ure
- ↪ D.w.s alle vlugte in SA



VIP vlugte

Huurvlugte

- ↪ Nie geskeduleerd (word nie volgens 'n rooster bedryf nie)
- ↪ Spesiale versoeke, vir spesiale mense
- ↪ Kan steeds deur groot lugrederye bedryf word of deur 'n klein lugrederymaatskappy wat nie volgens 'n rooster vlieg nie.





Lughawens (Gebou)

Internasionale lughawens

- ↪ Kan buitelandse vlugte wat inkom en wat die land verlaat hanteer.
- ↪ Hierdie lughawens hanteer internasionale vlugte – vlugte wat landsgrense / internasionale grense oorsteek.
- ↪ Toeriste moet ten alle tye geldige paspoorte kan toon vir hierdie tipe vlugte.

Fasiliteite wat by 'n internasionale lughawe moet wees:

Immigrasiebeheer

Waar paspoorte / visums en ander dokumentasie van passasiers ondersoek word.



Dolare-beamptes

Waar goedere en bagasie ondersoek word. Inkomende / uitgaande vlugte.



Nasionale Lughawens

- ↪ Alle lughawens in een land en wat deur die regering van die land bedryf word.
- ↪ Hierdie lughawens hanteer nie internasionale vlugte nie. (slegs binnelandse vlugte)


Lughawemaatskappy in SA:

- ~ LMSA: Lughawe maatskappy van Suid-Afrika / ACSA: Airports company of South Africa
- ~ LMSA / ACSA: beheer en bestuur die nasionale- en internasionale- (asook deelyds internasionale-) lughawens in Suid-Afrika.
- ~ Logo van ACSA/ LMSA:



AIRPORTS COMPANY SOUTH AFRICA

- ~ Die eienaar van die lughawe moet seker maak dat al die nodige fasiliteite en tegniese vereistes in plek is.
- ~ Fasiliteite deur ACSA vereis:
 - **Geteerde aanloopbaan**
 - Aanloopbaan moet **ligte** bevat
 - **Beheertoring** met 'n lugverkeerkontrolestelsel.
 - Ten volle toegeruste **terminaalgebou** om passasiers te kan hanteer
 - **Bagasiehanteringstelsel**
 - **Parkeerarea** vir motors



Lughawens in privaat besit.

- ~ Lughawe wat nie deur die regering besit en bedryf word nie.
- ~ Daar is heelwat in SA. Die bekendste voorbeeld hiervan is Lanseria Internasionale Lughawe (JHB)



Privaat landingstrokke

- ~ Baie basies met geen of min fasiliteite.
- ~ Gewoonlik op afgeleë gebiede en net 'n plat stuk aarde waarop die vliegtuie kan land.
- ~ Byvoorbeeld by wildskampe /-reservate en kusoorde. Dikwels nie geteer nie.
- ~ Hanteer Meestal net privaatvlugte / huurvlugte



KEASTOETS: 16 PUNTE

1. Verduidelik in jou eie woorde wat met die term 'poort' bedoel word en noem 'n voorbeeld van 'n internasionale poort van Suid-Afrika indien daar na kugvervoer verwys word. (3)
2. Verduidelik in jou eie woorde elk van die volgende terme:
 - a) Interkontinentale vlugte (1)
 - b) Transkontinentale vlugte (1)
 - c) Transatlantiese vlugte (1)
 - d) Huurvlugte (1)
 - e) Binnelandse vlug (1)
3. Watter maatskappy is verantwoordelik vir die bestuur en bedryf van lughawens in SA. Afkorting en naam (2)
4. Watter vereistes is daar om as 'n internasionale lughawe geklassifiseer te word? Noem 2. (2)
5. Verduidelik wat elk van die bg. doen. (2)
6. Verduidelik in jou eie woorde wat n verbindingsvlug is. (2)

MEMO

1. **Toegangspunt / verlatingspunt** van 'n land / streek. Gewoonlik 'n **lughawe, hawe of grenspos. Voorbeeld van internasionale poort i.t.v lugvervoer = ORTIA, Kaapstad Internasionaal, King Shaka Internasionale lughawe.** (3)
2. Verduidelik in jou eie woorde elk van die volgende terme:
 - a. Interkontinentale vlugte: van een kontinent na ander (1)
 - b. Transkontinentale vlugte: oor 'n kontinent (1)
 - c. Transatlantiese vlugte: oor die Noord-Atlantiese oseaan (1)
 - d. Huurvlugte: nie geskeduleerd / op spesiale versoek (1)
 - e. Binnelandse vlug: steek geen internasionale grens oor nie (1)
3. ACSA: Airport company of South-Africa / LMSA: Lughawemaatskappy van Suid-Afrika (2)
4. Moet **doeanebeamptes** en **immigrasiebeheer** hê. (2)
5. Doeane = kontroleer bagasie
Immigrasiebeheer= kontroleer dokumente soos paspoort / visums (2)
6. Verbindingsvlug = stop eers by ander land voordat die finale bestemming bereik word / goedkoper as geen-stop-vlug / verander van vliegtuie / moet partykeer lank wag. (2)

Unauthorised Distribution Disclaimer

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.



A. Jonker